

Christo van Rensburg, Noordwes-Universiteit

## “Klipwerk”: ’n Rooihakskeenlesing

### ABSTRACT

*“Klipwerk” (Stone Work), Van Wyk Louw’s 1954 poem, actually a series of 97 separate poems, is interpreted as a poem about romantic and amorous inclinations. “Klipwerk” tells of courtship strategies, of falling in and talking about and making love, of hardships, loneliness, jealousy and the many sides attached to the natural urge of humans to fulfil their obligation to populate the earth. As will be pointed out, the sub-poems in “Klipwerk” are clearly linked thematically. New light is shed on parts which were previously deemed to be unclear parts: some verses, the title of the poem, as well as the syntactically unfinished first two lines, written in the standard Afrikaans code. The rest of the poem is written in the Afrikaans dialect of the Roggeveld region – one of the oldest Afrikaans dialects in the north western Karoo-region, where Van Wyk Louw grew up and which forms the spatial setting of “Klipwerk”. This warrants some remarks about the dialect used, as well as on closely related Afrikaans dialects of that region. It is shown that Van Wyk Louw’s presentation of the poem series inspires many interconnected interpretations of it – meanings well concealed under a seemingly simple surface.*

### 1. Die benadering tot “Klipwerk”

“Klipwerk” is ’n afdeling in Van Wyk Louw se bundel *Nuwe Verse*, wat in 1954 verskyn het, sestig jaar voor die skryf van hierdie interpretasie. Dié gedig bestaan uit 449 ongenommerde reëls, saamgestel uit 79 ongenommerde gedigte, wat met asteriske van mekaar geskei is, sonder enige ander paratekstuele aanduidings. (In die 1963-uitgawe het die asterisk by “Klipwerk” nr. 39, p. 56, weggeval, wat die gedigte waaruit “Klipwerk” bestaan, tot 78 verminder.) Om verwysing te vergemaklik is die gedigte en reëls hier genommer, volgens die teks van 1954. Die

bladsynommers verwys ook na laasgenoemde bron. Die doelwitte met hierdie artikel oor “Klipwerk” is om

1. ’n deurlopende rooihakskeenstrekking in dié gedig aan te dui;
2. op aspekte van die Dialekafrikaans van “Klipwerk” te wys; en
3. aan te toon dat die interpretasie van etlike “Klipwerk”-verse op kennis van die Roggeveldse dialek steun.

## 2. Die rooihakskeenstrekking

Die mense in “Klipwerk” het rooihakskeene. Hulle is toegewyd betrokke by die teenoorgestelde geslag (vergelyk Prinsloo, 2004:107); dit is die dryfveer vir hulle doen en late.

In hiërdie trant versinnebeeld die “ou volstruis” die rooihakskeenaard van die gedig. Vergelyk nr. 49 (p. 60):

307 ou volstruis hy swink so  
308 hy dink mos sy manel is mooi  
309 en hy laat sy withemp wys, o  
310 kyk sy skeen is rooi [.]

“Ou” vermenslik die volstruis. Dit is mense wat in “Klipwerk” rooihakskeenaktiwiteit uitvoer (vergelyk Grové, 1978:93); soos jakkals, wat fisant (die meisie) wil hofmaak (nr. 76, p. 68):

426 sy’s vaalfisant  
427 in die jakkalsdou  
428 hier’s jy, waar’s jy,  
429 kry ek jou?

Jakkals se rooihakskeeningesteldheid maak dat Hugo (1979:66) hom “die sluwe verleier” noem, waarby die vooronderstellings wat aan sy naam gekoppel is, saamspeel. Wanneer ’n jakkalsvryer ’n meisie in die oog het, wil hy haar nie laat wegkom nie (“kry ek jou?”). ’n Jakkalsstreek is ook om huweliksverwagtings te ontduik, en met rugsteuning van die bekende spreekwoord kan ’n mens sê hy trou net wanneer reën val én son skyn. Vergelyk: “Meerkat, waarom reën dit nie” (r. 383); “wanneer gaan ou jakkals trou”(r. 384). (Terwyl die reën van daardie wêreld so onbetroubaar is – die “wegblywater” waarvan Deacon, 1989:27, skryf.)

“Klipwerk” se rooihakskeenkarakters is almal jakkalsvryers, en is gedurig daarop ingestel om hulle rooihakskeengeluk te beproef. Toe die meisie

so uitlokkend dans (“trap mooi”; nr. 52, r. 322, p. 61), sien ’n jakkals dit as ’n aansporing. Net eers so ’n oomblik om moed te skep. en dan die probeerslag! (Vergelyk die herhaling van “loop. in: “Jakkals, loop jou loop”, r 323.)

Na ’n rooihakskeen-eskapade gebeur dit dat die “sindeling” (’n ou vorm van dié Afrikaanse woord) so afstandelik reier-reier-langbeen wil berispe (r. 213, p. 54), met voorspelbare ontsteltenis. Hy is bekend vir sy “Sie-en-ga”-veroordelings. Daarna sê die wêreldwyse jakkals, koggelend, met ’n siniese skyninagneming, vir homself: “nee a, jakkals, ou-kalant” (r. 219); en “los vanjaar se lamvleis uit” (r. 220). (Vergelyk ook artikelfdeling 5 hierna.)

“Klipwerk”-metafore vervleg mense en landskap en dialekttaal. In ’n treffende woordskets, koes-koes die fisant voor die vryer uit. Wil sy ingehaal word? Sy loop mos nie reguit nie, en draal nog meer in die “jakkalsdou”, ’n motreëntjie, wat klaarblyklik deel van die sameswering is. Probeer sy werklik teen die jakkalsplanne standhou?

Die “Klipwerk”-verse dra betekenis waarvan een uit die ander voortvloei, en op verskillende maniere weer by mekaar aansluit. “Hulle besit nou eenmaal iets orakelagtigs,” sê Grové (1978:84) daarvan. Oor ’n “Klipwerk”-vers (nr. 78, rr. 404-405, p. 69) vra die digter: “raai raai / wat is dit[?]” (Waarop Scholtz, 1975:115, antwoord dat dit “’n trein” is.) Wat antwoorde op vrae betref (nr. 9, p. 43), is die lakoniese “Klipwerk”-reaksie by geleentheid: “kat / se blad” (rr. 60-61 – met “dan weet jy wat” wat versweë bly). Min “Klipwerk”-verse is met die eerste oogopslag duidelik verstaanbaar, en betekenismoontlikhede floreer op sulke ondeursigtighede.

Deurgaans verbind die onderliggende erotiek en konsekwente beelding die verse met mekaar. Dit laat ’n arbitrêre leesvolgorde toe, met uitsondering van die eerste twee reëls, wat aan die begin moet staan omdat hulle ’n aankondiging is van die res van die gedigreeks.

### 3. Luister nou gerus na hierdie rooihakskeenverhaal ...

Die “Klipwerk”-verteller begin sy relaas (p. 40) met:

*1 dat akkers op die sinkdak val  
2 en vye op die ringmuur breek[.]*

Die gebruik van die voegwoord “dat”, in plaas van die “lat” van die Rôeveld (soos Van Wyk Louw die naam óók skryf), plaas dié uiting oor akkers en vye binne Afrikaans se standaardkode, waar ingebedde bysinne met hulle stelligheidsbetekenis goed pas. Dialekspreekers konstrueer nie hulle Praatafrikaans sommer op dié manier nie.

Die twee bysinne na “dat” pas in die patroon van ’n aankondiging waarvan die hoofsin ontbreek. Aankondigings dra gesag en skep afstand, wat klop met wat Hendricks (2014:15) sê van die funksie van die standaardsosiolek in ’n dialekwêreld: afstand en gesag raak maklik daarmee verbind.

Hoe lyk die ontbrekende hoofsin? Hoofsinne, hulle voegwoorde, én die daarmeegepaardgaande bysin(ne), staan in ’n hegte betekenisverhouding tot mekaar (Ponelis, 1979:437). As die illokusiewaarde (Van Jaarsveld, 1987:3, 6) van die bysin en die voegwoord, soos hier, bekend is, kan die aard van die ontbrekende hoofsin gekonstrueer word as:

- \* ek sê (hiermee vir julle)
- 1 dat akkers op die sinkdak val
- 2 en vye op die ringmuur breek[.]

Die verteller kondig met gesag, in die styl van “die gladde, abstrakte, ‘beskaafde’ taal van koerant en dokument” (Van Wyk Louw, 1986:554), die tema aan: akkers en vye, simbole van die manlike en vroulike geslagtelikheid, kan nie deel hê aan rooihakskeenkaperyjolle wanneer hulle op ’n sinkdak bly lê, en op ’n ringmuur breek nie. Dit val buite die natuurlike rooihakskeenpatroon.

En die daaropvolgende 447 reëls van “Klipwerk”? Hulle taal illustreer “die soepelheid, konkreetheid, soms felheid” (Van Wyk Louw 1986:554) van die *ou* Rôeveldse taal oor die natuurlike verloop van rooihakskeensake. Daarmee gaan vreugde en pyn gepaard, eensaamheid, nadenke, en soms die deel van intiem-persoonlik momente onder mekaar. Partykeer met humor. Teen die agtergrond van tone van halfbekende populêre liedjies, en met verse wat soms duidelike liriekboupatrone vertoon, bly erns dwarsdeur die gedig verbloem. Nostalgie bly nie uit nie – vergelyk nr. 51 (p. 60):

- 313 die aardryk is vandag puur blou
- 314 dis bosduifblou en erdeblou
- 315 en rand-om kleinkat-oog se blou[.]

Wat is die betekenis van die rooihakskeenspel? Is dit nie ’n reik na die toekoms nie? Onderstreep dit nie die hoop en die geloof in laasgenoemde nie?

#### 4. Tussen tientalle boeiende jong liefdes”

##### 4.1 Geen geheime nie

Van Wyk Louw (1986:540) verwys na die lewe van jongmense op die platteland as afspelend “tussen tientalle boeiende jong liefdes”; ervarendes wie se eskapades nie vir mekaar geheim kan bly nie. Hulle vertel oor en

weer van rooihakskeenbedrywighede, werklik of verbeeld – ’n uitbeelding waarvan, aan die hand van Van Wyk Louw se gedig, hierna gewys word.

Daar is al van verskeie kante af opmerkings gemaak oor die seksuele innuendo’s van ’n klompie van die “Klipwerk”-verse (waarvan dié van Scholtz, 1975:114, wyer slaan). Hugo (1979) se opstel het die spore van dié motief deur ’n aantal verse gevolg. Ander resensente het in die verbygaan daaraan geraak, waarna verderaan verwys sal word.

#### 4.1.1 *Met ’n plan in gedagte*

Die tipiese “Klipwerk”-vryer laat nie hindernisse in die pad van sy rooihakskeenvoornemens staan nie, al is dit nou ook berge (wat so hoog kan wees soos die volksliedjie sê). Struikelblokke kan met goeie planmaak oorkom word. Vergelyk nr. 6 (rr. 35-36, p. 42): “die berge is so ver en hoog / en die spruite is so vol”.

’n Rooihakskenner kan na ’n voorspoedige afloop spog met sy sukses: “as jy onder die tjalie kyk / dan sien jy self die kind” (rr. 39-40, p. 42).

’n Ander spogter wys weer baie selfingenome af ná ’n rooihakskeensukses – dalk van tydelike aard. Vergelyk nr. 5 (p. 41):

*19 terpentyn  
20 terpentyn  
21 onder sy stert  
22 onder sy stert  
23 kyk hoe sit ou Koos vanmore  
24 hand in die sy op die trippel-perd[.]*

#### 4.1.2 *Wat daarna?*

Om op die rooihakskeengolf te ry, is heerlik. Maar wat van daardie onderliggende vrees van die spogter-“ouens”, naamlik dat sake nie altyd volgens plan sal kan verloop nie? Sê nou hy is “koud, maar nog nie oud” (r. 231) nie? Wat sal die ander rooihakskeners daarvan sê? “Klipwerk” nr. 53 (p. 61) vertel van so ’n geval waar dit met die “ou” gaan soos met koring wat die brand het. By sulke koring word verniet gesoek na ’n resultaat, omdat swambederf ingetree het. Moet hy nie padgee nie, voordat die nuus bekend word?

*328 die vrouens is te hamelstert  
329 dis van al die koek en tert  
330 die ou se koring het die brand  
331 hy wil trap na anderland[.]*

Meestal word daar in “Klipwerk” van jong “meisies” gepraat. Hier is “vrouens” ter sprake. Is dit nie waar “die ou” se fout gesoek moet word nie? Vir hom is hulle eintlik nie meer jonk genoeg nie, en ook nie meer skraal genoeg nie (“te hamelstert”). Die “Klipwerk”-meisiesmaak is na iets rietskraals: “skraler as ‘n riet” (nr. 19, r. 133, p. 48); “rietjie, rietjie-staan-apart” (nr. 21, r. 141, p. 49); “dunlyf” (nr. 6, r. 32, p. 41); en “skraalbeen” (nr. 14, r. 108, p. 46). As “Monteku”, na wie toe ‘n kêrel by geleentheid teensinnig op pad is, aan ‘n koei soos berg laat dink (“my voete loop na Monteku”; nr. 26, r. 167, p. 50), is dit verstaanbaar dat sy gedagtes, onderweg, eerder na die *Klipwerk*-meisie toe dwaal: die “kind” by die wingerd. (In die gebruiklike pleknaamspelling “Montagu” is John Montagu sedert 1851 vernoem – Raper, 1989:249. In die gedig is dié spelling soos hierbo verander.)

#### 4.1.3 *Jaloersbökkies*

Jaloesie, liefde en hartseer volg baie keer op die rooihakskeen-aktiwiteite in “Klipwerk”: “O! die hart is bitterkos / bitterkos en wildekos” (nr. 58, p. 63, rr. 356-357).

Die besef dat besitreg nie net afgekondig kan word nie (soos: “kind ek het verband op jou / eiendomsgrond, eiendoms vrou – nr. 65, p. 65, rr. 381-382), is die voorloper van die insig dat besit en permanensie in verhoudings anders bepaal word: “hierdie grond was nie gekoop nie / sommer maar geleen (rr. 119-120). Die saamleef met liefdesverlies is soms onvermydelik (ook volgens Grové, 1978:84).

Wanneer vervreemding nader kom? Dan is dit tyd vir dreigemente. Vergelyk nr. 55 (p. 62):

336 *afbly van my goed*  
 337 *jong*  
 338 *moenie in my as*  
 339 *skop[.]*

Hier is dit nie “hand in die as *slaan*” nie, maar meer brutaal “skop”!“As” verwys meermale in “Klipwerk” na “vuurmaakplek”, “woonplek”.

Die moljag-anekdote waarvan die verteller in nr. 33 (p. 53) praat, het ook met jaloesie en wraak te make. Vergelyk:

207 *bitter alwee in my bek*  
 208 *duiwelsdrek*  
 209 *ek wens hy’t nuwejaar gevrek*  
 210 *jy gaan by die mol sit!*  
 211 *spit hom, spit!*  
 212 *jou helsteen, jou karbonkelpit[.]*

Om by “die mol” te gaan sit, moet die jagter by ’n molshoop op sy hurke gaan sit, en wag tot daar ’n beweging is. Dan sy graaf gebruik (“spit hom, spit”) om die sokie af te handel (soos op Sutherland aan die artikelouteur verduidelik, 2014). Die moljag-vertelling eindig nie hiermee nie. “By die mol sit” is ook ’n metafoor vir “in die veld toilet toe gaan”, in een Sutherlandse segsman se woorde. “Bitter alwee” en “duiwelsdrek” is purgasie vir maagongesteldheid (WAT).

’n “Jaloesiegedig”, het Van Wyk Louw dié gedig genoem. Dit was tydens ’n lesing oor “Klipwerk”, sê J.C. Steyn in ’n persoonlike mededeling (2014): Jan Spies het dié lesing aan die Universiteit van die Witwatersrand bygewoon, ongeveer in 1968, en daarna sy aantekeninge daarvoor vir hom gewys. Steyn het dit in sy kopie van *Nuwe Verse* oorgeskrif.

Aansluitend daarby noem Van Wyk Louw (1968:561) die vers elders ook ’n “wraakgedig”. “Helsteen(!)” en “karbonkelpit(!)” is vervloekings, soos die doodswens, en miskien “duiwelsdrek(!)” ook. Hoe is hier sprake van wraak? Huisamen (2014:o.a. 157) vertel hoe die uitvoer van “molsit” op die graf van die gehate persoon ’n simboliese wraakgebaar is, met sy wortels diep in die Nama-geskiedenis.

#### 4.1.4 **Besinnings**

##### 4.1.4.1 Die smal weg

’n Besinning oor rooihakskeenaktiwiteite kan nadenke oor die verskil tussen die breë en die smal weg prikkel – en wys hoe moeilik dit is om daartussen te kies (nr.62, p. 64):

*368 die wat die voetpad hou, hou  
369 die sal die dun pad loop. loop  
370 verby by Tankwasdrif, drif  
371 verby by De Hoop. hoop[.]*

Die medereisigers wat die dun pad van die inhou van drif nougeset volg (“hou, hou”), word agtergelaat wanneer daardie voetpad ’n breë Tankwasdrif-drif word. Daar verdwyn smalpad-voornemens en kan die rooihakskeendrifer (“-drif, drif”) hom uitwoed. Die plekkie “De Hoop. staan in die teken van ’n weerbegin (“verby by De Hoop. hoop”), wéer op ’n nuwe smal pad.

Tankwasdrif lê in ’n droë rivier, en die naam is al baie jare lank in Binnelandse Dialekafrikaans ingebed. “Tankwa” is ’n Khoi-woord wat moontlik met “Klip en Klipbank” verband hou (Raper, 2004:364). “Drif” wat met klippe geassosieer word, speel in op die titel van die gedig (vergelyk nr. 13,

soos verderaan aangehaal). Khoi-Afrikaans is bekend vir die woordherhalings wat daarin voorkom, soos in dié vers, en elders in “Klipwerk” ook. Die hoop op hoop. die hoop op weerbegin, is ook ’n toespeling op die Christelike vergifnismotief.

#### 4.1.4.2 Aanspreeklikheid

Rooihakskeen-eskapades bring oomblikke vir oorpeinsing. Vergelyk nr. 9 (p. 43):

*54 wie was by die vat  
55 watter man moet die trouwryn koop  
56 watter man moet die kind laat doop[?]*

Rooihakskeenavonture is nie net aan plesier gekoppel nie. Daardie “goue pit” (die goue graal?) wat in die “bloubos” skuil, die eindpunt van rooihakskeenavonture, kan tot bevrugting lei: “die bloubos het die goue pit / en ek het die verdriet” (nr. 19, p. 48, rr. 135-136). ’n Effense melodramatiese selfbejammering?

Drank bring maar tydelik verligting, en beproef weer op sy eie manier. Vergelyk nr. 20 (p. 48):

*137 die wêreld trap vanmore stof  
138 my mond die voel na bees-tong  
139 en my gorrelgat die smaak na mof[.]*

#### 4.1.4.3 Rusies

Die rooihakskeenspel gaan onvermydelik met struwelinge en liefdesrusies gepaard. Hoe magteloos basuin jangroentjie nie sy selfbejammering op eie houtjie in die kafhok uit, sodat die wêreld tog net van hom notisie sal neem nie? Vergelyk nr. 79 (p. 70):

*446 jangroentjie brand die middag  
447 hy maak die kafhok groen  
448 wêreld wêreld wêreld wyd  
449 die kind sy wou dit doen[.]*

Die “kafhok” is inderdaad vir “kaf”, vir “iets van weinig belang of waarde” (WAT). Wanneer jagters ’n afgeslagte vel oopspalk, lui ’n WAT-inskrywing ook, praat hulle van die anus as die “kafhok”.

Verwysings na afsydigheid wat uit sulke binnerusies volg, kom meer kere voor. Vergelyk: “die esel staan met sy gat teen die wind” (nr. 3, p. 40, r. 7); “op wie se gedagte het jy dan / na Dwars-in-die-weg gekom” (wie het vir jou



gesê om so moedswillig te wees? – nr. 14, p. 46, rr. 112-113); “astrant se berge” (nr. 24, p. 50, r. 161); en “Vermaak-se-water” (nr. 21, p.49, r. 147) toe sake nie insiklik verloop het nie. Effens meer diepsinnig bekyk: Kan rusies dalk die oorsaak wees waarom “Salpeterkop. en “Heuningkrans” geskei bly, en nooit by mekaar sal uitkom nie? (Vergelyk nr.18, p. 48, rr. 131-132: “Salpeterkop en Heuningkrans / dit sal ons staan”.)

## 5. Die skryf oor rooihakskeensake

### 5.1 ’n Skrywersdilemma?

Rooihakskeensake gaan oor meer as jaloesie en vryplanne, en om daaroor, en oor wat ook al mag bykom, eerlik uit te pak in ’n gedig, wil gedoen wees. Wat van resepsies wat die klem op sulke skryfwerk gou verkeerd kan plaas? Sulke kritiek kom maklik, soos oor Grobbelaar (1997:14) se versameling volkskwatryne wat glo “te rooi” sou wees. Die integriteit van die digter staan teenoor die afwater van die onderwerp.

Oorgekultiveerde oordele speel maklik ongenooi saam by rooihakskeen-skrifwerk, met min begrip vir die vertel oor die gang van die menslike natuur, en die onbevleete “skoon bron in die lendene” (waarvan Van Wyk Louw in die gedig “Arlésiennes” skryf, wat in *Nuwe Verse* direk op “Klipwerk” volg).

Dialekgemeenskappe respekteer hulle eie taboereëls, wat kan verskil van die konvensies wat vir ander groepe geld. Soos elders is hulle sede-opruimers ook maar onpopulêr wanneer hulle wil skoonvee. Vergelyk nr. 38 (p. 55, rr. 240-241) oor die moraliteitsbesem uit eie geleedere: “Daar kom Ouma-Heilig aan / dis te veul vir my”.

Dialeksprekers se binnesake is nie heeltemal verskans teen “sie-” en “ga-”veroordelings van die periferie af nie. Vergelyk nr. 34 (p. 54):

*213 die sindeling die kom so*

*214 reier-reier-langbeen aan.*

...

*216 Sie-en-ga dit is sy naam.*

Is ’n dialekdigter nie makliker anoniem, met “die persoon van die skrywer onsigbaar” nie (Van Wyk Louw 1986:558)? Van Wyk Louw (1986:558) skryf later dat hy die “persoonlike” uit “Klipwerk” wou weer. Hoekom sou dit so wees? Dalk omdat die skrywer teen die tyd toe hy met die skryf aan “Klipwerk” begin het (van 1950 af), self blootgestel was aan moraliteitskritiek (Steyn, 1998:614-615; 621-622)? Hy het die privaatheid van sy persoonlike

ruimte hoog aangeslaan. Na Greshoff se teregwyding aan Louw (oor sy verhouding met Sheila Cussons) sê Louw byvoorbeeld dat “die afstand van die gentleman” vir hom meer beteken as die uitoefen van “die reg om te oordeel” (Steyn, 1998:622).

Skeppende werk wat in elitistiese omgewings moontlik om die verkeerde redes aandag kan trek, kan in ’n dialek se denk- en taalwêreld goed weggesteek word. Dialekliteratuur is die sedepolisie van Afrikaans se kultuurkode genadig gespaar gebly. Sou dit nie ’n goeie strategie wees om “Klipwerk” in so ’n wêreld te laat afspeel nie? Gesiene literatore wat hulle oor die betekenis van “Klipwerk” uitgelaat het, het nie ook die Rôeveldse Afrikaans en die vervlegting daarvan met sy sprekers en hulle wêreld probeer ontgin nie. Vergelyk byvoorbeeld die studies van Antonissen (1954-1955), Grové (1961-1962, 1978), Lindenberg (1964-1965), Nienaber (1955-1956), Scholtz (1975) en Van Rensburg (2006).

## 6. Dialektaal

### 6.1 Streektalwêreld

Teen die tyd van die verskyning van “Klipwerk” in 1954 was daar maar min Afrikaanse streektalpublikasies. Tans (2014) is dit anders gesteld, en wend ’n toenemende aantal Afrikaanse skrywers en digters die taal van die Afrikaanse streeksvariëteite vir hulle skryfwerk aan. Daar bestaan ’n literêre skryflewe buite Afrikaans se standaardkode. (Oor hierdie benutting van Afrikaans se dialekte, kyk Odendaal, 2014.) Daarmee word duidelik geïllustreer dat Dialekafrikaans in geen opsig skatpligtig is aan die taal van die standaardkode nie, en dialektpublikasies behoort ook nie as ’n onderdeel daarvan beskou te word nie. Beskouings oor “Klipwerk” het ongelukkig nie gesprekke in dié trant geïnisieer nie. Hendricks (2014:5) wys in dié verband op die “gemarginaliseerdheid” van Afrikaans se dialekte, wat Du Plessis (2001:70) die uitdefinieer (om sosio-politieke redes) daarvan noem, naamlik “uit die wetenskaplike beskouing van Afrikaans”. Van Wyk Louw (1986:554) sê die “Klipwerk”-poësie dra aan “die letsel van sy tyd en omstandighede”. Is dit hierdie soort miskyk wat hy in gedagte het?

Talle verwysings na dialekliteratuur se orale tradisie stuit op skynindrukke van wêreld van gemoedelike vertellings en rypies. So is ’n waarnemingstradisie geskep waarvolgens waardering vir die literêre waarde van dialekinhoude misgekyk is. Baie opmerkings oor die betekenis

van “Klipwerk” wys oppervlakkighede uit. Dit vergemaklik die afstandelike verbyskuur verby streektalwêrelde van menslike ervaring, emosie, pyn en kennisneem van ou-ou tradisies.

Dialektaal is ’n metafoor vir mense en hulle bestaan in Afrikaanse dialekwêrelde wat in en agter vertellings saamleef. “Klipwerk” vestig ook die aandag hierop.

## 6.2 Landskapervarings

In dialekpraattaal kan reguitpraat op kenmerkende maniere vernuftig toegevoeg word in verhullende metafoorsluiers, en gee een betekenis dadelik toegang tot ’n ander. Digters wat hulle by die praatstyl van die Binnelandse dialekte aansluit, deel terselfdertyd aan daardie beleving van suggestie, konnotasie en misterie.

Bejaarde Sutherlandinwoners (2014) onthou die sit op die spekboomstam waarvan Van Wyk Louw skryf, goed. Daar word aan die wortels vasgehou om tydens die afgly deur vlak water bo te bly. “Klipwerk” nr. 10 (p. 44) vertel van ’n rit deur ’n drif en die hoogtepunt van die vaart deur die draai. Dié gedigreëks-deel beskryf ’n vergelykbare ekstase, waar “in sit” (penetrasie), met ’n ander drif, en deur ’n ander fyner draai, óók lei tot ’n onkeerbare (“mense keer die ding”) klimaks (gesinjaleer deur die uitoepherhaling).

*74 sit in die drif en gly op die draai*

*75 o*

*76 o*

*77 o*

*78 o*

*79 mense keer die ding[.]*

In dialekte is “speel-met-taal as vermaak” (Van Wyk Louw, 1986:539) ’n bekende manier om taal te geniet. Eers na heelwat ontkleewerk, nadat ’n verskeidenheid assosiasies onderhoudend weggevoeg is, staan die betekenisessensies geopenbaar. Die gedagte aan ’n koringmied word ’n dansende meisie se uurglaslyfie, met tergende borste en bekken – vergelyk nr. 61 (p. 64, rr. 366-367): “bo in die mied se blom / onder in die mied se kom”.

Om ’n gevoelige onderwerp as ’n ervaring van dialeksprekers uit hulle wêreld aan te bied? Mos ’n heerlike uitdaging vir ’n digter! Van Wyk Louw het grootgeword in die wêreld waaroor hy skryf. Toe hy 14

jaar oud was (1920), het die familie verhuis (Steyn, 1998:29-30). Van Wyk Louw (1986:541) praat later van sy taal as ’n “boerse en Sutterlandse taal”. Afrikaans se standaardosiolek is eers daarna wyer gebruik, deur die sprekers van die hoër sosiale lae, en verskil in talle opsigte van die Roggeveldse dialek. Om hierdie sensitiewe rooihakskeenvertellings in “Klipwerk” deur medium van die dialektaal aan te bied, word ’n fyn spel, met talle rooihakskeenbetekenisse wat lustig agter die versreëls skuil.

## **7. Afrikaans se Binnelandse dialekte**

### **7.1 Waar speel “Klipwerk” af?**

“Klipwerk” is vol “plaaslike eggo’s”, skryf Schoeman (1986:186): “Gunsfontein, Rietrivier, en Salpeterkop in die Middel en De Hoop en Tankwasdrif in die Klein Roggeveld” ... Wanneer hulle daarna gevra word, beduie huidige inwoners ook graag na plekke waarvan die name in die gedig voorkom.

Is daar nie ook ’n Rôeveld in “Klipwerk” wat nie so maklik fisies uitgewys kan word nie? Rôevelde wat herinneringsgrepe is van idilliese rooihakskeenfasies, teruggrepe na verbygegane jongmensverwondering, fassinatie, ontdekking, en drome nie?

### **7.2 Binnelandse Afrikaans**

Hoe pas Rôevelds in die Afrikaanse dialekkaart in? Saam met ’n handvol verwante dialekte kom hulle in die gebied tussen die Hottentots-Hollandberge en Graaff-Reinet voor. Van Wyk Louw (1986:539) praat daarvan as die wêreld waar “’n soort sentrale Afrikaans” gehoor kon word. Dit is ook as die Binnelandse Taalgebied bekend (vergelyk Van Rensburg, 2013:4). En die buurdialekte? Nader aan die Grootrivier hoor mens Griekwa-Afrikaans, waarin Hans du Plessis en Thomas Deacon onder andere skryf, en wat ’n onderverdeling van Oranjerivierafrikaans uitmaak. In die Graaff-Reinet-omgewing is dit Oosgrens-Afrikaans wat gepraat word. Elias Nel se werk, sê Hendricks (2014:1), speel in Boesmanland af.

Die dialekte van Binnelandse Afrikaans, soos Rôevelds, vertoon die taalneerslag van die twee stigtingsgroepe Afrikaanssprekers in die Binneland, van 1700 af: die sprekers van die aanleerderstaal Khoi-Afrikaans, en die sprekers van Veeboerafrikaans (Van Rensburg, 2012:60 e.v.). Hierdie twee soorte Afrikaans was die kontaktaal van dáárdie binneland. Talle reste van hierdie stigterstale is deel van die “Klipwerk”-taal, waaronder “hiet” (nr. 25, p. 50, r. 166), waar Afrikaans se standaardlek “heet” ken. Die vroeëre sprekers van Khoi-Afrikaans, uit die

Kaapse gebied, verklaar Kaaps se taalneerslae in elke variëteit van Afrikaans, soos hier.

Die Roggeveld was een van die oudste vestigingsgebiede van die veeboere, van 1750 af. Die taalverspreiding was daar ten gunste van Veeboerafrikaans. In Griekwa-Afrikaans was Khoi-Afrikaans oorheersend. Onderlinge beïnvloeding, na dekades van kontak tussen die sprekers, het hierdie twee soorte Afrikaans ingrypend verander en nader aan mekaar gebring.

Symboliseer *kappie* en *kros* (karos, die lendevelletjie) nie die twee stigtergroepe van dié gebied, en hulle gesamentlike aandeel aan Binnelandse Afrikaans nie? In die reëls “hoe het die kind by die bessie-bos / dan die kappie en die kros verloor” (nr. 6, p. 42, rr. 43-44) kom hulle ter sprake.

### 7.3 Afrikaans in die Roggeveld

Die wilde rog (*Secale africanum*) wat in die Roggeveld groei, het aan dié streek sy naam gegee (Steyn, 1998:6). In 1756 is daar van Gunsfontein, Van Wyk Louw se geboorteplaas, melding gemaak as “De Gunst Fonteyn” (Schoeman, 1986:12). In “Klipwerk” (nr. 14, p. 46, rr. 104-105) word na ’n “Gunsfontein” verwys: “met watter genade het jy dan / op Gunsfontein beland[?]”.

Die Rôeveld-dialek gaan, ná ’n vervlietende bestaan, verdwyn, soos dit met dialekte sonder ondersteuningstrukture gaan. Daarna sal kennis van dié dialek bepaal word deur dokumentasie daarvoor. En die “Klipwerk”-gedigreeks? Daarin sal die rol van die Rôeveld-dialek nog vir lank sy spel saamspeel. Die “Klipwerk”-tematiek, weer, is mensgebonde, en sal saam met dié spesie bly voortbestaan.

## 8. ’n Dialektaalspel

### 8.1 “Kind”

Die woord “kind” is een van die kenmerke van die taal van die Binnelandse dialekte, met die betekenismerkers [+vroulik] en [+adolessent] (vergelyk Van Zyl, 1947:146, vir voorbeelde daarvan in Griekwa-Afrikaans). In Afrikaans se standaardsosiolek het die woord “meisie” ongeveer dieselfde betekenis. “Kind” speel ’n belangrike rol in die rooihakskeenlesing van “Klipwerk”. “Beenbek” is ook goed bekend in die Roggeveld (persoonlike mededeling aldaar, 2014), en ook in Griekwa-Afrikaans (Deacon, 1993:30).

“Klipwerk” nr. 17 (p. 47) illustreer die dialektbetekenis van “kind”:

- 121 *die beenbek het gesê*  
 122 *o die beenbek het gesê*  
 123 *daar staan die wit ster*  
 124 *toe moes ek die kind laat lê*  
 125 *die beenbek het laat hoor*  
 126 *o die beenbek het laat hoor*  
 127 *daar staan die wit ster*  
 128 *toe moes ek die klong verloor*

Grobbelaar (1997:177 en 186), noem hierdie liedjievorm, wat dikwels in “Klipwerk” voorkom, “o-kwatryne”. Hier word vertel van die “kind” wat teensinnig agterbly nadat die haan gekraai het. Die “ek” het besluit het om haar te “laat lê”, en die “kind” besef dat hierdie verloëning die einde van hulle verhouding beteken. ’n “Kind”, in die standaardsoosiolek se betekenis van dié woord, sal nie normaalweg in so ’n liefdesongelukkigheid betrokke raak nie.

Hierdie vers verwys moontlik outobiografies na ’n episode waar die skrywer aan sy eggenote erken het (voor sy vertrek uit Amsterdam na Parys toe): “[J]a, sy gaan óók.” (Steyn, 1998:608) Dáár, in Desember 1950 (Steyn, 1998:610), is begin met die skryf aan “Klipwerk”. Interessant is Grobbelaar (1981:422) se volksverhaaloptykening (afhangende van die oogpunt van die waarnemer), wat lui dat wanneer die haan kraai, die duiwel verdwyn.

In bostaande gedig lê daar talle betekenisse opgesluit. Grové (1961-62:38) wys op die ooreenkoms met die Middeleeuse wagerslied, waar die beenbek wag staan, maar ook die pretbederwer kan wees. En die finale afskeid, suggereer Grové verder, kan die afstaan van die geliefde aan die dood wees, en die beenbek dan ’n skedel.

Die “kind” in hierdie vers interpreteer nie net die haan se wekroep nie, maar dink ook aan die aanloop daartoe (“toe”), ’n voorspel tot die dood van die verhouding. Pas dit nie, het Bernard Odendaal in ’n gesprek gewonder, in die trant van die kontemplasie van Hamlet, oor verlies, by die aanskoue van Jorik se skedel nie? ’n Mode wat later deur Frans Hals verbeeld is (sien volgende bladsy).

Aansluitend hierby sê Prometheus, in die gedig wat “Klipwerk” direk voorafgaan, oor die aasvoël (óók ’n “beenbek”): “ek sal sy kopbeen nog sien wit”.



*Frans Hals. Jongeling met skedel.*

## 8.2 Nog ’n spel met taal: kind/meisie/nôientjie

### 8.2.1 “Kind” in Rôevelds

Die dialekword “kind” se betekenis sluit aan by die betekenis van “meisie”, asook van “vrou”. Die inskrywings wat Nienaber (1963:99 e.v.) vir hierdie woorde gekonstrueer het, uit vertalings van vroeë waarnemings by die Khoi, opgeteken tussen 1626 en 1835, wys op die kompleksiteit van hierdie woordveld. Van hierdie verwickelde betekenisfasette het bly voortleef in Khoi-Afrikaans; maar watter veeboerwoord om daarvoor te gebruik? Om die bestaande woord “kind” as landingsplek te gebruik vir die betekenissskakerings [+vroulik] [+jonk] [+adolesent], was ’n oplossing, wat tot vandag toe in ’n beperkte kring effektief is.

Binnelandse Afrikaans was ’n belangrike voedingsbron vir die latere standaardosiolek van Afrikaans, saam met ander verrykings, soos vanuit Nederlands. Sosiale merkers wat verskillende taallae in Binnelandse Afrikaans onderskei het, het steeds ’n rol gespeel nadat die sprekers hulle grense versit het. Die stigmatisering van “kind” as behorende tot Khoi-Afrikaans het dié woord beperk tot hoofsaaklik Binnelandse Afrikaans. Die kenmerkende gebruik van die Afrikaanse woord “ons”, as onderwerpsvorm, uit Khoi-Afrikaans, was sosiaal eers net so gestigmatiseer. As gevolg van die wisselwerking tussen hierdie twee groepe se Afrikaans het “ons”, en talle sulke gevalle, teen die einde van die Binnelandse tydperk al ’n integrale deel van algemene Afrikaans geword (Van Rensburg, 2013:13 e.v.).

### 8.2.2 *Kind of meisie?*

As deel van die uitlokspel tussen die geslagte, trek die “Klipwerk”-meisies met hulle adverterende stemme (“kraai”) en hulle koketterige lyfswaaistap die aandag waarna hulle op soek is. Vergelyk nr. 75 (p. 68, rr. 420-421): “rinkalskraai / sy stap kordaat!” Hierdie aksies het die gewenste uitwerking. Hulle word raakgesien, en die jongkêrels raak aan die rooihakskeendink:

324 *ertman-regop voormiddag*  
 325 *kaneelblom in die aand*  
 326 *die meisies loop so wonder-lik*  
 327 *teen Oktobermaand[.]*

Hoekom staan daar “meisies” in “Klipwerk” nr. 53 terwyl “kind” die Rôeveldse woord is? “Meisies” is ’n woord met ’n baie groter trefwydte, uit die Nederlandse taallaag, wat deur die Veeboere in Binnelandse Afrikaans ingebring is.

Die dialekwoord “kind” vorm nie patroonmatig ’n meervoud met ’n meervoudsmorfeem “-ers” nie – één rede vir die noodwendige leen van die standaardlek se woord “meisies” vir die meervoudsbetekenis. Verder sal “meisies” in hierdie “Klipwerk”-reël (326; “die meisies loop so wonderlik”) beter deug: dit verbeeld ’n groter, vreemder rooihakskeenuitdaging as wat die geval met *kind* sou wees. (Vergelyk Hendricks, 2014:15, vir hierdie afstandfunksie van die standaardkode in dialekte.)

Die “kaneelblom” in hierdie vers, ook bekend as die “aandblom”, behoort tot die soort *Hesperantha* (Le Roux en Schelpe, 1988:58). Hulle blomblare gaan sááns oop. Gaan die rooihakskeendink van die jongkêrels, hulle “wonder”, dááror? “Wonder-lik” is hier geskryf met “wonder” links van die koppelteken, sodat ten minste twee betekenisgeaktiveer word: “wonder” asook “wonderlik”, dit wil sê “aantreklik”, “begeerlik”. Speel die Nederlandse betekenisfaset “vreemd”, wat nie deel van die betekenis van “wonderlik” in Afrikaans is nie, nie ook hier saam nie? (“Klipwerk” is geskryf in dieselfde jaar as wat Van Wyk Louw in Nederland aangekom het.)

### 8.2.3 *Dialekafrikaans*

#### 8.2.3.1 Rôevelds

Elders skets Van Wyk Louw (1986:537) iets van die aard van die Binnelandse Dialektaal van sy jeug, waartoe die Rôeveldse dialek behoort, wanneer hy by terugblik skryf oor daardie “ou Afrikaanse wêreld” waar die Afrikaans



déstyd “nog byna heeltemal ongerep en skoon was”. Hy skryf: “[D]ie invloed van Engels op hierdie wêreld se spreektaal het feitlik nog nie bestaan nie.” Verder verwys “skoon” ook na Afrikaans voor sy omvorming tot “kultuurtaal” (Van Wyk Louw, 1986:332). Die verwerf van die hoëvlakfunksies om te voorsien in die nuwe taalbehoefte van die Afrikaanssprekende bolaag, se talle nuwe taalinoere en aanpassings het die meer natuurlike plattelandse “skoon” Afrikaans wat dáár gebruik is, nie ongeskonde gelaat nie. Van der Sijs (2004) beklemtoon die mensewerk in die deurvoer van sulke prosesse. Van Wyk Louw het met Rôevelde grootgeword, en het daarna help maak aan Afrikaans se standaardle: “as ek nie kon vertaal nie, dan eie woorde vorm,” was sy uitgangspunt (Van Wyk Louw, 1986:541). Met sy kennis van beide kodes kon hy gemaklik nuanseer tussen die dialek en die standaardkode. Dialeksprekers doen dit ook, soms intuïtief. Dié kodewisseling help om met betekenisshakerings te speel, soos die van die woord “nôientjie”, teenoor dié van die dialekwoord, “kind”.

### 8.2.3.2 “Kind”, of “nôientjie”?

“Nôientjie” is nie ’n noodgryp na ’n bekender kode se woord nie (soos “meisies” ook, hierbo, wat dieselfde woordveld deel). “Nôientjie” ontsluit ’n stuk geskiedenis, betekenisshakerings en identiteite van die dialekwêreld, en houdings van dialeksprekers teenoor “inkommers”, soos buitestaanders hier genoem word. Vergelyk nr. 63 (p. 64):

372 *vet bobotie, wit rys*  
 373 *nôientjie hoeveel kos die prys?*  
 374 *altyd selfde? oral altyd?*  
 375 *nee wat, kindjie,*  
 376 *nee, wat.*  
 377 *Ou-oom hou van skaap-vleis[.]*

Hierdie vertelling identifiseer ten minste 5 merkers wat nie by die dialekeie pas nie: (i) Die gebruik van “nôientjie”, in plaas van “kind”, wat die afstand tussen die dialek-eie (“kind”) en die wyer bekende (“oorgesofistikeerde”, volgens Grové, 1978:86) “nôientjie” benadruk. (ii) Die woord “nôientjie” stam uit Maleis (sien hieronder, 8.2.3.2), en pas saam met “bobotie” eerder in ’n oosterse koskultuur as in die skaapvleiswêreld van “Klipwerk”. (iii) “Wit rys”? Dit pas ook nie. Vergelyk nr. 75 se verwysing na “die soel kind” (p. 68, r. 418), wat aansluit by die woorde van die meisie in *Boegoe van die liefde* (Hans du Plessis, 2002:12), wat die bekende reëls van Hooglied 1:5 in Griekwa-Afrikaans

só laat klink: “Ek is altemit ’n bietjie bryn, ma mooi sosse skemerdyn.” (iv) “Hoeveel kos die prys?” wys op ’n vierde vreemdheid. Dié sin staan nie in die ongeskonde Rôeveldse Afrikaans waarna hierbo verwys is nie. Dit is ’n kontaminasie van “hoeveel kos dit” en die Engels-beïnvloede “wat is die prys”. Nie van pas in daardie “óú Afrikaanse wêreld” nie. (v) Totaal buite perke in dié taalstreek is die prostitusiepraktyk waarvan hier gepraat word. Die “ou”-oom, met die betekenisfokus op “ou”, as ’n gerespekteerde gesant van sy dialekwêreld, links van die koppelteken, keur die transaksie nadruklik af, met die vaderlike teregwyding: “nee wat, kindjie, nee wat”. Dié vertroulikheid hier, verklein die afstand tussen die spreker en die hoorder, en laat die gebruik van die groepsbinnewoord “kindjie”, in plaas van “nôientjie”, toe.

### 8.2.3.3 “Klipwerk” se “nôientjie”

Die woord “nôientjie”, soos dit in “Klipwerk” gebruik word, was in die Afrikaanse platteland wyd bekend. Die uitspraak “nôï” (in die Boesmanland), deur Von Wielligh (1925:149) aangeteken, is moeilik om te beskryf. Dié klank hou verband met die beginvokaal van “nôientjie” se bronwoorde: die Maleise “noïva” en “nonya” (Van Wyk, 2003:288), wat in die Binnelandse Afrikaans naby aan die Khoi-uitspraak van dié vokaal gestaan het (Nienaber, 1963:185), en daarom wyd versprei het. Ietwat afkeurend maak Pienaar en Le Roux (1928:53) melding daarvan dat selfs “loop” in Griekwaland-Wes met hierdie kort vokaal uitgespreek word. Die verbreidheid van die Afrikaanse woord “nôientjie” blyk uit die opname daarvan, naas “nooientjie”, in die AWS, tot die 2002-uitgawe toe. Daarna is hierdie dialekvertegenwoordiger uit dié toonaangewende publikasie weggelaat. Slegs die “nooi”-vorme is behou, wat homofonies ooreenkom met die verafrikaanste vorm van die Nederlandse woord “uitnodig” (“uitnooi”). Die dialekword “kind”, in die jongmeisiebetekenis daarvan, kon nooit die standaardlek haal nie.

## 9. Wie? Sydelingse aanspreeksvorms

### 9.1 “Ou-oom”

Die *sydelingse aanspreeksvorm* is goed bekend in die Binnelandse dialekte, en kom byvoorbeeld in “Klipwerk” nr. 63 (p. 64, r. 377) voor (“Ou-oom hou van skaap-vleis”). Dit wys op ’n interessante manier van toedraai eerder as direk praat, sodat einame nie genoem word nie, en om die noem van voornaamwoorde soos “ek” en “jy” te sistap. By “Ou-oom” (en enkele ander “Klipwerk”-woorde) kom koppeltekens voor om meer betekenis gelyktydig

te aktiveer. Met die afwys van die prostitusieaanbod, klink die besluit: “Ou-oom” ([+verstandig] [+manlik]) “hou van skaap-vleis”, waarmee “Ou-oom” op ’n reguit manier ook kon sê: “ék” hou van skaap-vleis, “ék” verkies die meisies van hier. Die koppelteken links van “oom” laat die klem op nóg ’n sydelingse aanspreeksvorm val: “oom” as die vertroulike aanspreeksvorm vir die manlike geslagsorgaan. Die inskrywing “meneer” in die *WAT* het ook hierdie betekenisonderskeiding.

Nog sulke gevalle kom in “Klipwerk” voor: “ou-kalant”, en “Ou-Jong”. En meermale as diminutiewe, soos in “oompie”.

Die gebruik van die verkleinwoord “oompie” in hierdie betekenis het nóg variasies, soos goed verwag kan word in “Klipwerk”. Vergelyk nr. 46 (p. 58):

*288 die ribbok staan op steeltjies en  
289 sy rittel van die wind  
290 waar is daardie biesie-tjie  
291 se vét-bóúd kind  
292 neusie jy moet raak ruik  
293 hierdie ronde klip-pie  
294 is ’n wit rivier-klip  
295 bokkie, en hy stink nie[.]*

Die begin van hierdie vers (rr. 288 en 289) bevat een van die treffendste beelde in “Klipwerk”. Na dié mooi beskrywing verskuif die aksent lynreg. Hierdie bokkie, staan daar, het ’n “kind”, in beide betekenisse (“lammetjie” én “meisie”). Op dié “kind”, in die jongmeisiebetekenis, word daar op rooihakskeenstyl jag gemaak. Die wapen? Dit is nie net die “klip-“ (r. 293) wat die “lammetjie” in die oog het nie. Die tweede lid van die samestelling, “-pie”, met die ondersteunende getuigskrif, tree getrou aan sy rooihakskeenmissie op. en het die *kind* in die oog [+vroulik] [+menslik]. (Elders staan in “Klipwerk”: “Klippie-nat-spu, vang die haas” [+vroulik] [+ menslik]. (Vergelyk ook artikelafdeling 11.1.)

## 9.2 “Ou-oom” se maats as aanspreeksvorme

### 9.2.1 “Oompie”

Net soos die koppelteken by “Ou-oom” verskillende betekenisse kan aksentueer (kyk 9.1 hierbo), vestig die spelling van “Jakhals” (in plaas van jakkals) die aandag op die geagiteerde (peper-) “hals”-gedeelte van die woord. Hierdie “hals” se naam is “Oompie”, en hy wil met vroegdag bevredig raak. (Idiomaties verwys “peperbekwaam” na iemand wat geslagsgereed is – *WAT*).

Vergelyk “Klipwerk” nr. 31 (p. 52):

*196 Jakhals met die peperhals  
197 vang die voordag, neus in die wind,  
198 Oompie speel die Dagsterwals[.]*

“Meerkat” is die vertroueling wat goed ingelig is oor die ontwykingstrategie van die “ek” om trouplanne te ontglip (vergelyk Grové, 1978:88), en waarby die “jakkals-trou”-idioom lustig saamspeel. Die besitlikheid teenoor die “kind” is vir die skyn. Wie is “Meerkat”, wat so kenmerkend regop kan staan, en nuuskierig kan rondkyk? Dit is niemand anders as die “ek” se manlike lid wat sydelings aangespreek word nie! (Of is dit sy alter ego?)

### 9.3 Ander bendeledede

#### 9.3.1 “Jil-patat”

“Klipwerk” nr. 47 (p. 59) vertel van ’n klein slaapkamerdrama wat hom afspeel wanneer die “blou bul”, ’n kalant wat in ’n speelser bui as die “jil-patat” maskereer (“jil” beteken ook “skerts” – WAT), sy behoeftes meedoënloos afdwing:

*296 die jil-patat is warm, maar  
297 ek wens dit was koud  
298 die padda wil nie kwaak nie  
299 die padda kry te koud[.]*

Eers oorweeg die “jil-patat” die sublimer van sy begeerte (“ek wens ...”). Die koppelteken aktiveer in hierdie konteks die “jil”-betekenisfaset “om te vry” (Van Wyk e. a., 2003), gelyktydig met die aanduiding van die vorm “soos ’n patat”. Die “padda”, toon Hugo (1979:65) aan, is ’n simbool vir die vroulike geslagsorgaan. Téén die “patat”-aanslag verskans sy haar skamel agter ’n kombers, met ’n desperate verweer wat om privaatheid, en verwarming, wentel.

*300 toemaak onder die velkombers  
301 die jinne sal kom kyk  
302 so lyk die blou bul  
303 laat die kinders kyk[.]*

Namate die “jil-patat” se “seksuele aggressie” (Hugo, 1979:66) toeneem, verdwyn die kombersskerm. En die privaatheidverskoning? Dit word in dié offensief brutaal geïgnoreer, soos die gepaardgaande redenasie wys: die

Here sien tog alles, en as dit daarop neerkom, kan die kinders gerus maar kyk! As ’n bonus sal die “blou bul” ook nog geskou word!

### 9.3.1.1 “Jinne”

Hoe klink “Klipwerk”-Afrikaans? Die woordaanvang by “jinne”, wys iets daarvan: die palatalisasieverskynsel kom byvoorbeeld wyd in die Binnelandse Taalgebied voor. Aan dié woord is reste van Khoi-Afrikaans ook gekoppel, soos die –ee-vokaal wat vervang word met ’n –ə-, (byvoorbeeld “jənə” vir “jene” (Rademeyer, 1938: 41). “Jinne” is wyd bekend as ’n versagtingsvorm van “Here”, soos dit ook elders in “Klipwerk” (p. 61, r. 322) voorkom: “jenejee”.

### 9.3.2 *Slaggereed*

Die onskuldige blou blommetjies van die turksnaald, ook een van die falliese simbole in “Klipwerk”, se kleur sinspeel op die graad van ’n spoggerige ereksie waarvan verbeeldingryk vertel word (deur die artikelouteur in Kakamas gehoor, 2014), en waarop die blou kleur van die “bul” (hierbo) ook dui. Selfs die testikels (klippe) gee blyke van hierdie ekstreme toestand van gereedheid. (Vergelyk ook artikelafdeling 13, hierna, wat hierby aansluit.) In nr 68 (p. 66, rr. 395-396) staan: “die turksnaald blom al weer so / sy blou slaan in die klip in”. Is dit ’n “Klipwerk”-betekenis van “Klipsweet”? (Vergelyk nr. 15, p. 47, rr. 115-116: “die voetpad en die klipsweet / die sit aan jou voetsool vas”; en die “klipsweetgras” van nr. 78, p. 69, r. 441.)

Dié soort spoggerij met gereedstaan kom meermale voor. In nr. 56 (p. 62) word die orgaan wat trots tentoongestel word, “mens” genoem. Vergelyk “het jy nog nie mens gesien nie” (r. 348), waarmee die “Klipwerk”-inventaris oor dié onderwerp nog nie uitgeput is nie.

“Klipwerk” nr. 35 (p. 55) vertel ook van die man wat in ’n verhouding vasgevang is, waar daar nie ’n uitlaatklep vir sy behoeftes is nie (soos die swart hings in ’n karos). Hy kan slegs met besondere vergunning (“geloud”) sy drif bevredig. Dit lei tot seksuele frustrasie (r. 233: “die lyf en die lies kry koud”). (“Geloud” hou verband met Engels allow – WAT; ook Prinsloo, 2009:398; en die “maak” pas goed by Engels: make + allowance.). Vergelyk:

*233 die lyf en die lies kry koud*

*234 skut die swart hings, sit hom kros aan*

*235 hy maak vannag geloud[.]*

Selfbevreëding is ook 'n oplossing vir seksuele frustrasie. Vergelyk nr. 40 (p. 56):

*254 my peits se naam is Rooi Sambal  
255 hy krul om annerland  
256 skrop die hings se lieste  
257 vat hom met jou hand[.]*

In sowel nrs. 35 as 40 (soos hierbo aangehaal) word na “lieste” verwys- 'n simbool van geslagtelikheid (WAT). Die “skrop” daarvan prikkel, en voer na “annerland”, die ontvlugtingswêreld.

### 10. Die rooihakskeenspeelsters ...

Die teiken waarnatoe die “jil-patat” en sy maats mik? Die “Klipwerk”-mans swig magteloos daarvoor. Is mans nie geregverdig om verwensings daarvoor uit te spreek nie? Die setel van vroulikheid en verderf is dáárdie “Satang sonder neus-been” (nr. 302, p. 53, r. 203), die “ou” [+vroulik] teenoor wie die weerstand so min is, en wat meebring dat die rooihakskeenspel hom eenvoudig móét voltooi. Vergelyk nr. 39 (p. 56):

*246 waarom het ek toegelaat  
247 dat Satang my so vang  
248 die ou met die wit oog  
249 die keel-spek wat hang[.]*

Die woord “Satang” is 'n Maleise erflating in Afrikaans (Ponelis, 1993:142), en het via Kaaps, met die intrek in die binneland, in hierdie vorm, 'n aktiewe deel van Binnelandse Afrikaans geword.

In die “Klipwerk”-wêreldbeeld hoort alle meisies tot die oorkoepelende kategorie van satanskinders vanweë dié onderskeidende fisiologiese kenmerk, wat aan hulle die onverklaarbare mag tot verleiding gee. Vergelyk nr. 22 (p. 49, rr. 148-149): “Satang se kinders / is so wonderlik geseën”. Hulle weet van selfverdediging ook iets. As dit moet, is hulle onderlinge raad: “slaan die maerman, breek sy nek” (nr. 12, p.45, r. 94).

Die magié van dié vroulike deel behels spesiale sterk verstywende herstelkragte, beter as kunsmatige middels teen die verleentheidswekkende moegheid (nr. 60, p. 63). Vergelyk:

*360 die haan se kop is af, o!  
361 die haan se kop is vaal  
362 steek 'n doring deur die oog  
363 Satang kan dit uit-haal[.]*

So ’n vroulike wonderorgaan kan tuis (“as”), nieteenstaande verveling, die bekende (“ou”) seksdrang (“fontein”) laat loop. en weer ’n erektele funksie (“bene”) teweegbring. Vergelyk nr. 32 (p. 53):

*203 Satang sonder neus-been*  
*204 sit by die ou-fontein*  
*205 op die ashoop krap die swart bojaan*  
*206 vanaand weer bene uit[.]*

’n Woonplek word van oudsher af met ’n vuurmaakplek geassosieer, soos in “gisternag se as-plek / lê baie baie ver” (rr. 185-186), asook “die swart klip waar jou vuur was” (r. 117). Die manlike seksdrang word vergelyk met die “fontein” waar die krap met sy “steeltjiesoog” (r. 259; nog ’n falliese simbool) hou: “en onder in die dooi fontein / lê die blou-oog krap. (rr. 173-174). Met dié steeltjiesoog kan daar in die “hel”, die “satang” se tuiste, gekyk word. Die reiklengte van die steeltjie? Die mededinger vir die beste storie vertel dat dit wrintiewaar (r. 261) tot by die “keel-vel” kan strek!

## 11. Die rooihakskeendubbelspel

### 11.1 ’n Manswêreld

Die verskillende geslagte is op mekaar aangewys vir hulle rooihakskeen-kragmetings, hier gesimboliseer deur die “-perske” (met die koppelteken beklemtoon) en die “peer” (ook bekend uit die aanvangsreëls van dié gedigreëks; kyk artikelafdeling 3 hierbo). Vergelyk “Klipwerk” nr. 4 (p. 41):

*15 die geel-perske en de langelyspeer*  
*16 ai hoe ’t ek gistraand regeer*  
*17 die hout is op en die katel is koud*  
*18 Maandag is die hart weer oud[.]*

Die beheer wat die man hier uitoefen (“regeer”; iets waarop Hugo, 1979:62, ook wys), is tydelik opgeskort toe die “hout” (ereksie) “op. is. Die woord “regeer” pas in by “Klipwerk” se mansgedomineerde wêreld, soos blyk uit die mansname wat daarin voorkom: “Bêrend” (van die slotgedig van *Nuwe Verse*: “Beeld van ’n jeug: Duif en perd?”), “Koos”, “Piet”, “Jonas”, “Jafta”, “Josef” en “September”, teenoor net een vrouenaam. Dit is “Mina”, uit die liedjietradisie, en van stroopkookfaam – vergelyk “Klipwerk” nr. 6 (p. 41, r. 27): “Mina is so soet so soet”.

“De langelyspeer”, met die Nederlandse lidwoord *de* (het Daniel Hugo my aandag op gevestig), hoort, in kombinasie met die verbuigings-*e*, goed tuis in Nederlands. Nederlandse reste kom in Afrikaans onder andere in idiome

voor, wat gebruik word in plaas daarvan om omslagtig te moet verduidelik. Hoe word “de langelys” afgehandel? Beslis nie in ’n japtrap nie!

“De langelys” staan in die betekenisveld van “uiteindelik” en “lanklaas”, wat die nood vir afhandeling hier ter sprake bring. Verder is daar dalk ’n les (wat ook in die etimologiese betekenisveld van “lys” pas) wat geleer moet word, naamlik wat jaloesie betref: die koppelteken na “geel” bring die lesing “jaloerse perske” na vore, wat (vanweë ’n skuldige gewete?) deeglik verkeerd bewys moet word. (In die verhaal oor die Europese vos kan die les wat Reinaart vir Cuwaart geleer het, ook hierdie betekenis hê.)

Vir stookdrank dien perskes en pere (wat hierbo genoem is), wat goed saam met rooihakskeenplanne ingespan kan word, net soos die “pontak” (’n rooiwyn) en “dikvoet” wat uit knolle gebrou word. Vgl. “Klipwerk” nr. 14 (p. 46):

*98 hoe rits die kooi vannag  
99 o hoe rits die kooi vannag  
100 daar’s dikvoet en pontak vanaand  
101 in die oubaas se laaste vrag[.]*

“Oubaas” hier, net soos “oompie” en “ou-oom” hierbo, is ook ’n vertroulike naam vir die manlike orgaan.

## 12. ’n Dialektaalspel: “hy” of “sy”?

In “Klipwerk” word daar verwys na ’n oog wat nie meer goed werk nie, soos dit met ’n pêreloog die geval is. Vergelyk “Klipwerk” nr. 72 (p. 67):

*407 haai, haai,  
408 Pêreloog  
409 sy kruiwa skree  
410 sy mik is droog[.]*

Hoepashierdie oog wat nie meer goed werk nie, by rooihakskeenaktiwiteit in? Dit hoort by ’n droë “mik”. Wie se “mik” en wie se “oog” is dit? Die vrou, “Pêreloog”, s’n.

Links (1989:80) skryf van ’n respondent wat vir hom die gebruik van die terugwysende dialekvoornaamwoord só verduidelik het: “Vir my wêreld se meisies sal ek sê ‘hy’, maar vir ‘hom’” (en die respondent verwys na ’n onderwyseres wat nie vanuit die gemeenskap kom nie) “sal ek sê ‘sy’, want ‘hy’ is ’n ‘sy’.” Links se optekening is in die Kharkams gemaak, ’n westelike dialek van Binnelandse Afrikaans. Hulle dialek, illustreer hierdie optekening verder, bind dialeksprekers aan hulle dialekgemeenskappe, soos wat Van Wyk Louw, soos voorheen aangetoon, aan die hand van die gebruik van



“nôientjie” geïllustreer het (8.2.3.2). Hierdie voornaamwoordgebruik kom ook voor by die meisie met die uurglaslyfie en die tergende danspassies (vergelyk artikelafdeling 6.2 hierbo): “alkant toe trap hy” (nr. 61, p. 64, r. 356). Die “hy” wat so trap. is ’n “sy”! Dieselfde is die geval met die “ou” ook, waarvan in nr. 39 (p. 56), gepraat word, soos al vroeër aangedui is (artikelafdeling 10). Vergelyk: “waarom het ek toegelaat / dat Satang my so vang / die ou met die wit oog” (rr. 246-248).

En die “hy” wat die arme man (hieronder), so kan verrinneweer? Dit is ’n sy!

*250 hy sal nog my derms uitryg*

*251 dis mos die laai*

*252 die ners-derm uit-suig*

*253 en die vet-derm braai[.]*

Indien “haar laai” geskryf is (in plaas van “die laai”), het die skrywer die spel met hierdie stukkie dialeksintaksis te maklik verklap. Die keuse van die neutrale woord “die” help met die tydelike geheimhouding. Voorheen is op “Klipwerk” nr. 61 gewys waarin dieselfde strategie gevolg is, en “mied” nie die danser se geslag verraai nie – die uurglasvorm doen dit.

“Klipwerk” nr. 29 (p. 52) vertel van ’n kêrel wat ’n haas blitsvinnig moet agtergelaat (r. 189). Meer oor die haas? “Sy” ore skyn darem al deur. Die “sy” is ’n meisie (WAT-inskrywing by “haas”). In die standaardkode sal van “haar” ore gepraat word. Vergelyk:

*183 Klippie-nat-spu, vang die haas!*

*184 sy ore skyn al deur*

*185 gisternag se as-plek*

*186 lê baie baie ver*

*[...]*

*189 vir hierdie klong moet die meisies nie*

*190 weer in die Rôveld kry[.]*

### **13. Wat beteken die titel *Klipwerk*?**

Wat is die verband tussen rooihakstene, en die titel van die gedigreëks “Klipwerk”? Loader verduidelik (in publikasies van 1969:242; en 1975:31 – waarna Henk Potgieter in ’n persoonlike mededeling verwys het), dat die tyd om klippe bymekaar te maak, en om klipp. weg te gooi, soos wat in Prediker 3:5 staan, al sedert die Ugaritiese tyd ’n versagterende metafoor is vir seksuele omgang, en die onthouding daarvan.

Is dit nie hierdie klipwerk wat die titel aankondig en waarna ook in die gedig verwys word nie (vergelyk artikelafdeling 9.3.2 hierbo)?

In dié Prediker-vers volg ’n verklaring van dié klippemetafoor, verskuil agter nog ’n metafoor: dit beteken “omhelsings” en die “losmaak van omhelsings”.

Talle “Klipwerk”-verse wys op dieselfde manier na twee kontrasterende sake, soos hierdie “bymeekaarmaak” en “weggooi”, en verklaar dit daarna. Prediker-beïnvloeding? Dit is onwaarskynlik: Grobbelaar (1997) het talle verse opgeteken wat dieselfde patroon volg.

Waarnatoe lei die rooihakskeenaktiwiteit in die “Klipwerk”-verhaal? Een van die betekenis van die volgende vers gee ’n aanduiding (nr. 16, p. 47):

*117 die swart klip waar jou vuur was  
118 is byna dood gereën  
119 hierdie grond was nie gekoop nie  
120 somer maar geleen[.]*

Die besef van verganklikheid kom hierin na vore (vergelyk Grové 1987:84). Elders in “Klipwerk” staan: “die klipbanke is koud” (nr. 27, p. 51, r. 178) – oor die afneem van kragte en mense se besef van hulle naderende einde, waarvan Prediker ook praat.

In “Klipwerk” val die klem anders: dit benadruk die klip wat bly staan, die drang wat nie doodreën nie, die rooihakskeenwerk wat die menslike spesie steeds laat voortbestaan. “Klipwerk” simboliseer lewe, en vier die bestaan van die menslike spesie.

## AANTEKENING

\* Gesprekke met Hans du Plessis en Jaap Steyn het op talle maniere neerslag gevind in hierdie interpretasie. My erkenning aan hulle daarvoor, en aan ander gespreksgenote. Die Rôevelders wat ek leer ken het, se gesels en kontreigeesdrif was vir my ’n belewenis.

## VERWYSINGS

AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

2002. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.

ANTONISSEN, R.

1954-1955. Kronieke. Twee digters tussen alles en niks. *Standpunte*, 9(4): 45-60.

DEACON, T.

1989. *Sand uit die son*. Kaapstad: Tafelberg.

1993. *Die predikasies van Jacob Oerson*. Kaapstad: Tafelberg.

DU PLESSIS, H.

1995. *Variasietaalkunde*. Pretoria: Kagiso.

2001. Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Carstens, A. en H. Grebe (reds.). 2001. *Taallandskap*. Pretoria: Van Schaik: 69-80.

2002. *Boegoe van die liefde*. Pretoria: LAPA.

ELPHICK, R.

1985. *Khoikhoi and the founding of white South Africa*. Johannesburg: Ravan Press.

GROBBELAAR, P.W.

1981. Die volksvertelling as kultuuruiting met besondere verwysing na Afrikaans. Ongepubliseerde proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

1997. *Die rooi lappieskombers*. *Volkswatryne*. Kaapstad: Human en Rousseau.

GROVÉ, A.P.

1961-1962. Die soek na kriteria. *Standpunte*, 15(6): 32-43.

1978. Natuurwysheid van die Klipwerk. In: Grové, A. P. 1978. *Dagsoom*. Kaapstad: Tafelberg: 83-99.

HALS, F.

[Web:] <http://en.wikipedia.org/wiki/Yorick>. Youth with a Skull. [Toegang verkry op: 10 November 2014.]

HENDRICKS, F.

2014. Die verrekening van taalvariasie in die prosawerk van Elias P. Nel. *LitNet Akademies*, 11(2).

HUGO, D.J.

1979. ’n Warm patat. *Tydskrif vir Letterkunde*, 17(3): 61-67.

HUISAMEN, J.

2012. *Katryn, vrou van die Richtersveld*. Kaapstad: Human en Rousseau.

LE ROUX, A. & SCHELPE, T.

1988. *Veldblomgids van Suid-Afrika I*. Hersiene uitgawe. Claremont: Botaniese vereniging van Suid-Afrika.

LE ROUX, T. H. & PIENAAR, P. DE V.

1928. *Afrikaanse Fonetiek*. Kaapstad: Juta en Kie.

LINDENBERG, E.

1964-1965. ’n Stukkie klipwerk. *Kriterium II*, 2: 5-7.

LINKS, T.

1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg.

LOADER, J.A.

1969. Qohelet 3:2-8 – ‘A Sonnet’ in the Old Testament. *Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft*, 81: 240-242.

1979. Polar Structures in the Book of Qohelet. *BZAW* 152. Berlyn: De Gruyter.

NIENABER, C.J.M.

1955-1956. Klipwerk – sluierwerk. *Standpunte*, 10(4): 37-41.

NIENABER, G.S.

1963. *Hottentots*. Pretoria: Van Schaik.

1989. *Khoekhoense stamname*. Pretoria: Academica.

ODENDAAL, B.

2014. Omgangsvariëteite van Afrikaans in die digkuns sedert Sestig. Voordrag. Omgangsvariëteiteseminaar. Potchefstroom, 27 September.

PONELIS, F.A.

1979. *The development of Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik.

1993. *Afrikaanse sintaksis*. Frankfurt: Peter Lang.

PRINSLOO, A.F.

2009. *Annerlike Afrikaans. Woordeboek van Afrikaanse kontreitaal*. Pretoria: Protea Boekhuis.

2009. *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*. Kaapstad: Pharos.

2012. *Bygelowe en waar hulle vandaan kom*. Kaapstad: Pharos.

RADEMEYER, J.H.

1938. *Kleurling-Afrikaans*. Amsterdam: Swets en Zeitlinger.

RAPER, P.

2004. *South African place names*. Johannesburg: Jonathan Ball.

SCHOEMAN, K.

1986. *Die wêreld van die digter: 'n boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van N. P. Van Wyk Louw*. Kaapstad en Pretoria: Human en Rousseau.

SCHOLTZ, M.

1975. Oor die eenheid van “Klipwerk”. In: Scholtz M. 1975. *Herout van die Afrikaanse poësie en ander opstelle*. Kaapstad: Tafelberg: 107-124.

STEYN, J.C.

1998. *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal. Deel II*. Kaapstad: Tafelberg.

VAN DER SIJS, N.

2004. *Taal als mensenwerk. Het ontstaan van het ABN*. Den Haag: Sdu-uitgewers.

VAN JAARVELD, G. J. (RED.)

1987. *Wat bedoel jy?* Pretoria: Serva.

VAN RENSBURG, F.I.J.

2006. Van Wyk Louw in ligter luim. *Tydskrif vir Letterkunde*, 43(1): 26-41.

VAN RENSBURG, M.C.J. (RED.)

1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

VAN RENSBURG, M.C.J.

2013. ’n Perspektief op ’n periode van kontak tussen Khoi en Afrikaans. *Literator* 34(2).

VAN WYK LOUW, N.P.

1954. *Nuwe verse. Kaapstad*: Nasionale Boekhandel.

1986. *Versamelde prosa. Deel 1*. Kaapstad: Tafelberg.

1986. *Versamelde prosa. Deel 2*. Kaapstad: Tafelberg.

VAN WYK, G.J.E.A.

2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Stellenbosch: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

VAN ZYL, D.H.

1947. *’n Griekwa-ietsigheid*. Kaapstad: Nasionale Pers.

WAT

Elektroniese WAT. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (A-Q)*. Stellenbosch: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.